**Die genadeverbond met Adam (2)**

**Gen 3:16-21**

**7 Mei 2023**

1. Vantevore: Ongehoorsaamheid van die mens het nie God se doel met die skepping verander nie, en grotendeels ook nie God se skeppingsopdragte nie. Die werksverbond het egter wel verander na 'n genadeverbond. In Gen 3:15 stel die Here God vyandskap tussen Eva en 'n deel van haar nageslag, en die duiwel. Een uit haar nageslag sal die duiwel oorwin.
2. Die Here God se oordeel oor Eva (Gen 3:16)
    a. In die oordeel is daar steeds genade – die vrou sal steeds kinders verwek
    b. Twee elemente in oordeel oor die vrou:
        - Swaarkry en pyn in haar swangerskappe
        - Haar begeerte sal na haar man wees, hy sal oor haar heers – dit beteken die vrou sal worstel om onderdanig te wees aan haar man (vgl Gen 4:7, Ef 5:25)
3. Die Here God se oordeel oor Adam (Gen 3:17-19)
    a. In die oordeel is daar steeds genade – mag steeds die grond bewerk en onderwerp, en sodoende eet
    b. Twee elemente in oordeel oor die mens:
        - Grond is vervloek, dorings en dissels spruit voort – sal net met swaarkry en sweet kan eet. Die skepping het nie fundamenteel verander nie, God gebruik bestaande natuurkragte om vloek (of seën) te bewerk (vgl Deut 28:15-20, Rom 8:18-22, Op 21:1)
        - Die mens sal ook fisies sterf. Gen 2:17 verwys na geestelike dood van die mens (vgl Rom 5:17), Gen 3:19 verwys na fisiese dood van die mens – beide is die gevolg van die mens se ongehoorsaamheid (As Adam nie gesondig het nie, sou hy sonder om te sterf die rus ontvang het na voltooiing van die skeppingsopdragte)
4. Eva is die moeder van almal wat lewe (Gen 3:20)
    a. "Eva" beteken lewe
    b. Eva is die fisiese voorouer van alle mense (vgl Hand 17:26)
    c. Adam noem haar "Eva" of lewe, want:
        - Hy het sopas gehoor hy gaan fisies sterf – hou aan hoop van lewe vas uit sy vrou se swangerskappe
        - Deel van vrou se nageslag sal vyandskap hê met duiwel – hoop op lewe
        - Een uit haar nageslag sal die duiwel oorwin – hoop op lewe
5. Die Here God voorsien klere van vel (Gen 3:21)
    a. Voorsien klere van vel én trek dit vir hulle aan (vgl Op 19:8)
    b. Al is verbond met Adam 'n genadeverbond, moet mens steeds skeppingsopdragte uitvoer
    c. Maar die Here God neem die verantwoordelikheid op Homself
        - Dit word duidelik in die nuwe verbond (Eseg 36:27)
    d. Velklere word wit gewas in bloed van die Lam (Op 7:13-14) en deur die Heilige Gees vir die mens aangetrek – nou mag mens deelneem aan bruilofsmaal van die Lam
6. Toepassing
    a. Gen 1-3 is 'n akkurate beskrywing van die wêreld waarin ons leef
    b. Ons moet die beginpunte van verskeie lyne deur die Skrif hier optel